Stakings verdof SA se glans in die wêreld

Kry meer aandag van media oorsee as Konfederasiebeker

Theuns van der Westhuizen

Kaapstad. – Suid-Afrika se beeld is vinnig besig om sy glans in die internasionale media te verloor – hoofsaaklik weens stakings.

Die land se beeld het in April, Mei en Junie internasionaal goed vertoon as gevolg van die verkiesing, 'n nuwe president en kabinet, asook die aanbieding van die Konfederasiebeker-sokkertoernooi.

Navorsing in 42 lande toon die glans het daarna heelwat verdof weens die stakings en die gepaardgaande maatskaplike onrus, het mnr. Wadim Schreiner, bestuurende direkteur van Media Tenor SA, gesê.

Die navorsing toon ook dat die internasionale media inderdaad meer publisiteit aan die stakings gee as wat aan die Konfederasiebeker-toernooi gegee is.

Schreiner het op 'n konferensie van die Communications Partnership in Sandton gesê die stakings het onder meer daartoe gelei dat optimisme begin taan het en dat die media al hoe meer begin vra het of Suid-Afrika nog alle spertye vir die Wêreldbeker-sokkertoernooi kan haal.

Die Westerse mediadekking was die negatiefste, met 56 negatiewe berigte, 12 berigte sonder 'n duidelike aanslag en een positiewe berig oor die stakings.

Daarteenoor het die Afrika-media 20 negatiewe berigte oor die stakings gedra, twee sonder duidelike aanslag en een positief.

Volgens Schreiner is die Wêreldbeker-sokkertoernooi besig om die aandag van die internasionale media aan te gryp en gaan dit die aandag al hoe meer op Suid-Afrika vestig.

'n Vergelyking tussen die menings van die plaaslike en die internasionale media oor verskeie aktuele sake is net so interessant.

Volgens Schreiner het albei mediagroepe positief oor die Konfederasiebeker-toernooi berig.

Die internasionale media is weer negatief oor openbare vervoer in Suid-Afrika, terwyl die plaaslike media gemengde gevoelens openbaar. Albei groepe is egter negatief oor veiligheid.